higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

MODETEKENINGE N6

(Eerste Vraestel)

(10010556)

18 November 2019 (X-Vraestel)
09:00–11:00

VEREISTES: **ANTWOORDBOEK en A4-tikpapierblaaie (daar moet meer beskikbaar wees vir rofwerk).**

Die kandidate moet AL die benodigdhede en kunsmedia wat in Modetekeninge gebruik word, self verskaf.

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye, 3 bylaes en instruksies van 1 bladsy.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
MODETEKENINGE N6
(Eerste Vraestel)
TYD: 2 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Lees AL die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Maak AL jou tekeninge op die tikpapier wat voorsien word en plak dit dan in jou ANTWOORDBOEK in.

5. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

AFDELING A:	50 punte	(Beantwoord dit in jou ANTWOORDBOEK.)
AFDELING B:	50 punte	(Beantwoord dit op die tikpapier.)
GROOTTOTAAL:	100 punte	

6. Die ruwe sketse wat in BYLAE A en BYLAE B voorsien word, mag gebruik word.

7. BYLAE C bevat die instruksies vir die TWEEDE VRAESTEL en moet aandagtig bestudeer word voordat die tweede vraestel geskryf kan word. Moet NIE hierdie afdeling tydens hierdie eksamen beantwoord nie.

8. Begin elke vraag op 'n NUWE bladsy.

9. Skryf netjies en leesbaar.


Kopiereg voorbehou

AFDELING A

Beantwoord AFDELING A in die ANTWOORDBOEK.

VRAAG 1

1.1 Bestudeer die volgende sketse en benoem die verskillende details op die kledingstukke soos aangedui word. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.



(10)

1.2 Gee TWEE ander name vir 'n plat skets. (2)

1.3 Gee 'n ander naam vir 'n ontwerperskets. (1)

1.4 Watter drukmetode word van die opkoms ('ascent') van hedendaagse kuns met JAVA geassosieer? (1)

1.5 Gee 'n ander naam vir ontwerpsontwikkelingsblaaie. (1)

1.6 Watter TWEE drukmetodes is voorbeelde van reliëfdrukwerk? (2)

Kopiereg voorbehou

1.7 Noem VYF soorte gereedskap en materiale wat nodig is om sjabloondrukwerk te doen. (5)

1.8 Noem DRIE stukke gereedskap of materiaal wat nodig is om linosneedrukwerk te doen. (3)
[25]

VRAAG 2

2.1 Beantwoord die volgende vrae oor internasionale ontwerpers:

2.1.1 Watter ontwerper het die parfuum, Chanel No. 5, bekendgestel?

2.1.2 Watter Italiaanse ontwerper stig sy eie maatskappy in 1975 in Milaan?

2.1.3 Watter Italiaanse ontwerper stel die Cardin-pak met flapsakke bekend?

2.1.4 Watter Japannese ontwerper het van 1940 tot 1964 vir die Sanai-afdelingswinkel ontwerp?

2.1.5 In watter jaar stel die ontwerper, Yves St Laurent die sigeunervoorkoms bekend?

(5 × 1) (5)

2.2 Beantwoord die volgende vrae oor Suid-Afrikaanse ontwerpers:

2.2.1 In watter land is die Suid-Afrikaanse ontwerper, Fred Eboka, gebore?

2.2.2 Watter ontwerper maak die heel eerste ontwerpersboetiek saam met haar twee dogters oop?

2.2.3 Wat word Anthula Markowitz se etiket genoem?


2.2.4 Waar het Julian Smith sy boetiek oopgemaak?

2.2.5 Watter ontwerper hou by uitstek van luiperddrukmateriaal?

(5 × 1) (5)

Kopiereg voorbehou

2.3 Bestudeer die skets hier onder aandagtig en teken gepaste bykomstigheede wat by die gegewe uitrusting pas. Toon slegs EEN nabyskets van die volgende:



2.3.1 EEN gepaste paar skoene

2.3.2 EEN gepaste handpalmtassie

2.3.3 EEN gepaste halssnoer

(3 × 5) (15)
[25]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

Beantwoord AFDELING B op die tikpapier wat voorsien word.


VRAAG 3

3.1 Bestudeer die skets hier onder en maak 'n produksietekening van die uitrusting. Toon slegs die vooraansig van die uitrusting wat die model dra. Hou AL die vereistes vir 'n goeie produksietekening in gedagte.



(25)

3.2 Bestudeer die sketse hier onder en maak 'n aanbiedingstekening van 'n vrou wat die gegewe uitrusting dra. Toon die vooraansig van AL die kledingstukke in volkleur en sluit die bykomstighede in wat saam met die uitrusting gedra kan word. Hou AL die vereistes vir 'n goeie aanbieding in gedagte. Maak van BYLAE A (aangeheg) gebruik om jou ontwerp aan te bied.




(25)
[50]

TOTAAL AFDELING B: 50
GROOTTOTAAL: 100


Kopiereg voorbehou

BYLAE A



Kopiereg voorbehou

BYLAE B



BYLAE C

INSTRUKSIES VIR DIE TWEEDE VRAESTEL

1. Gebruik die instruksies in AFDELING A van hierdie BYLAE C om vir die formele eksamen van die TWEEDE VRAESTEL voor te berei.

2. Gebruik die gegewe tema om voldoende inligting in te samel vir die eksamen wat binnekort sal volg.

3. Die kandidate mag AL hul skriftelike inligting, materiaalmonsters, bykomstighede, versierings, tydskrifprente en ander noodsaaklike artikels by die eksamenlokaal inbring om 'n stel modeborde en -sketse oor die gegewe tema te voltooi.

4. Tydens die VYFUUR-vraestel moet die kandidate 'n inspirasiebord en/of ontwerpsontwikkelingsblad en/of aanbiedingsbord en/of produksietekeninge en/of bykomstigheidsbord oor die gegewe tema maak. Die kandidate sal nie AL die sketse in die ontwerpsproses maak nie. Die spesifieke sketse wat die kandidate oor die gegewe tema moet maak, word aan die begin van die VYFUUR-eksamen aan hulle gegee.

5. LET WEL: Die kandidate mag NIE enige modesketse of modeborde by die eksamenlokaal inbring nie. ALLE sketse moet tydens die VYFUUR-eksamentydperk gemaak word.

6. Die eksamenvraestel bestaan uit DRIE vrae. Dit sluit DRIE verskillende soorte sketse of borde oor die gegewe tema in. Elke vraag of modebord of modeskets tel 100 punte. Die totaal vir die tweede vraestel is 300 punte.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A VAN DIE TWEEDE VRAESTEL

DIE KANDIDATE MOET DIE VOLGENDE INSTRUKSIES OOR DIE ONTWERP-STEMA AANDAGTIG DEURLEES:

INSTRUKSIES OOR DIE ONTWERPSTEMA

Maak gebruik van die tema, 'MODEHERLEWING', as inspirasie vir die nuwe modeneiging. Ontwerp 'n reeks eksklusiewe uitrustings vir jong vroue waarmee jy tydens die SA Modeweek kan meeding. Jou mededingers is bekende Suid-Afrikaanse modeontwerpers.

Samel inligting in en versamel materiaalmonsters, tydskrifprente, bykomstighede en ander noodsaaklike artikels oor hierdie tema om dit in die VYFUUR-eksamen te gebruik wat binne 'n paar dae sal plaasvind.

MOENIE enige modetekene of modeborde tydens jou voorbereiding maak nie. MAAK AL die tekeninge en modeborde tydens die formele eksamen. Die soort sketse wat jy moet maak, sal op die dag van die eksamen aan jou gegee word.

Jy mag AL die inligting wat jy ingesamel het, by die eksamenlokaal inbring, maar GEEN modetekene word toegelaat nie. Daar word 'n ruwe skets ('croquis') voorsien.

Jy moet jou eie tekenpapier en karton verskaf waarop jy jou tekeninge kan maak. Jy het karton nodig vir die afronding van die finale modeborde. Die karton moet 'n A3-grootte hê en die kleur moet die reeks aanvul om 'n professionele uitkoms op te lewer.

Netheid en aanbieding is belangrik en moet in gedagte gehou word.

LET WEL: Jy moet alles saambring wat jy nodig het om 'n inspirasiebord en/of ontwerpsontwikkelingsblad en/of produksietekeninge en/of aanbiedingsbord en/of bykomstigheidsbord oor die gegewe tema te maak. Dit sluit tekenpapier, karton, kleurmediums en ALLE ingesamelde inligting en noodsaaklike artikels wat gebruik kan word om die werk so professioneel moontlik af te rond. Elke kandidaat moet ook EEN GROOT KOEVERT (A3) saambring waarin AL die borde en sketse wat tydens die eksamen gemaak sal word, ingesit moet word.

Kopiereg voorbehou